



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Van die Beheerliggaam



Liewe Swarries, ouers en personeel,

Die grendeltydperk is inderdaad 'n uitdagende en onseker tyd vir ons almal. Covid-19 het die lewe vir ons almal onherroeplik verander en die gevolge sal nog vir lank met ons wees. Dit klink soos woorde van 'n politikus maar ons kan daagliks die impak wat dit op ons ouers, leerders en personeel het sien. Aan die begin van die grendeltydperk was almal baie positief oor die maatreëls wat in plek gestel was om die verspreiding van die COVID 19 virus te beperk. Hoe langer dit egter duur, hoe moeiliker word dit vir almal om 'n positiewe gesindheid te behou. Ons moet egter ons oog op die toekoms hou, en glo dat ons elke dag nader aan 'n mate van normaliteit kom. As ons aanhou om mekaar met geduld en empatie te behandel, maak ons ook die moeilike tydperk vir ons medemens meer draaglik.

Die Beheerliggaam wil weereens die personeel bedank vir die ywer waarmee hulle ingespring het met hersiening en voorbereiding van skoolwerk vir ons kinders die afgelope tyd. Die spesiale omgee van die personeel vir ons kinders, is iets waaraan ons as Swarrie-ouers al gewoon geraak het. Ons moet dit egter nooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons wil ook die personeel bedank dat hulle bereid is om te luister na ouers se voorstelle en deurlopend poog om die hersiening, aanbieding van nuwe werk en voorbereiding vir leerders makliker en meer effektief te maak. Ons personeel het vanuit byna niks, digitale opvoeding na ons kinders gebring op 'n manier wat die meeste leerders moontlik bereik. Soos u ook later in hierdie nuusbrieff sal sien, brei hulle in Junie die skool se tuisonderrig vermoëns weer verder uit, deur die gebruik van nuwe platforms en tegnologie. Alle moontlike hulpmiddels word aangewend om u kind in voeling met die skool, die personeel en hul werk te hou. Die veranderings, soos later hierin bespreek, sal ook ons kinders in staat stel om aan te hou met tuisonderrig tot tyd en wyl dit hulle beurt is om terug te keer skool toe.

Soos u egter weet is daar leerders wie se ouers nie tans in staat is om rekenaars, selfone of tablette aan te koop nie. Dit beteken dat van ons leerders steeds nie blootstelling aan aanlynopvoeding het nie. Ons wil ook probeer om hierdie leerders behulpsaam te wees. Indien u oor ou toestelle by die huis beskik wat u nie gebruik nie, sal ons dit baie waardeer indien u dit aan die skool kan skenk. Die toestelle sal dan uitgegee, opdateer en aan leerders wat dit benodig, versprei word. As u 'n ou toestel kan skenk vra ons dat u 'n e-pos aan Mnr Albert Korf sal stuur by albert.korf@laerskoolswartkop.co.za ten einde die nodige reëlings in die verband te tref.

As beheerliggaam wil ons ook weereens al ons ouers hartlik bedank vir die pligsgetroue betaling van skoolgelde ten spyte van moeilike omstandighede. Ons opregte dank ook aan al ons ouers wat afbetalingsreëlings getref het of wat aansoek gedoen het vir vrystelling. Dit het ons in staat gestel om tot dusver al die skool se maandelikse finansiële verpligtinge te kon nakom. U deurlopende kommunikasie met die skool in die verband stel ons ook in staat om beter vooruit te kan beplan. Ons versoek weer dat indien u nie in staat sal wees om u verpligtinge teenoor die skool na te kom nie, dat u met Me Anna-Marie Meiring sal kontak maak by debiteure@laerskoolswartkop.co.za Ons versoek weer dat u as ouers sal aanhou met u positiewe ondersteuning van ons skool in die verband.

Daar is tans soveel onsekerheid met betrekking tot die heropening van skole. Soveel verskillende stories word deur die media versprei, baie daarvan is totaal onakkuraat. Die skoolbestuur het geen beheer oor die heropening van die skool nie en is gebonde aan die voorskrifte van die Departement van Basiese Onderwys. Die skool se voorbereidings is egter in plek en sal ons gereed wees om ons personeel en leerders te ontvang wanneer die skole weer heropen. Ons onderneem egter dat ons u deurlopend op hoogte sal hou van enige verwickelinge in die verband.

Daar is geen vasgestelde resep wat enige organisasie deur hierdie tyd kan gebruik om te oorleef of floreer nie. Ons is almal soos ontdekkingsreisigers van ouds besig om ons eie pad te volg na 'n onbekende bestemming. Dit is egter ook 'n geleentheid om te groei, te leer en om beter te word as wat ons was. Baie



Grendelstaat
Nuusbrieff 3

15 Mei 2020

van die innoverende idees en stelsels wat nou in plek gesit word by ons skool, sal vir jare vorentoe nog 'n positiewe effek op die skoolgemeenskap hê.

Groete
Jaco Strauss
Voorsitter: Beheerliggaam

Uit die Hoof se pen



Dr Charles Swindoll skryf in sy boek *Living above the level of mediocrity*, dat ons mense nodig het: wat nie gekoop kan word nie; wie se woord nog sy eer is; wie se persoonlike integriteit meer werd is as ekstra geld in die bank; wat 'n mening het en 'n wil het; wat groter en meer is as die posisie wat hy/sy beklee; wat nie huiwer om te waag nie; wat nie sy/haar individualiteit prysgee tussen 'n skare nie; wat in die klein dingetjies net so eerlik sal wees as in die groot dinge; wat geen kompromie met die verkeerde sal aangaan nie; wie se ambisie nie beperk is tot hulle eie persoonlike begeertes nie; wat nie sal sê hy doen dit net omdat almal dit doen nie; wat getrou en lojaal is aan hulle vriende wanneer dit goed gaan en wanneer dit sleg gaan; wat nie glo dat manipulasie, rugstekery en hardkoppigheid die belangrikste kwalifikasies vir sukses is nie; wat nie huiwer om te staan vir die waarheid en vir wat reg is wanneer die waarheid en die regte die ongewilde ding is nie; wat "nee" kan bly sê selfs wanneer die hele wêreld "ja" sê.

'n Besondere woord van dank aan die onderwysers, bestuur en beheerliggaam wat ons skool se belange op die hart dra en van hierdie situasie die beste maak. Die skool het steeds die normale dag tot dag en salaris uitgawes waaraan ons moet voldoen. Graag versoek ek dat u steeds u finansiële verantwoordelikheid sal nakom, sodat ons steeds die kwaliteit onderrig kan lewer, veral in hierdie tyd en sodra ons weer terug is by die skool.

Alhoewel daar nog steeds baie onsekerhede is oor wanneer die skool sy volle werksaamhede kan hervat, is ons personeel slag gereed om volstoom die akademiese aspek van die skool te hervat, sodra ons van die Departement van Onderwys meer inligting ontvang. Na aanleiding van die nuutste inligting sal leerders eers in Junie vanjaar kan begin om in fases terug te keer skool toe, en gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

Die terugkeer-program behels voorlopig die volgende: 18 Mei - Skool se bestuurspan, algemene werkers en administratiewe personeel is terug by die skool. 25 Mei - Die onderwyspersoneel is by die skool om klaskamers gereed te kry vir die leerders se terugkeer. 1 Junie - Net graad 7 leerders sal mag terugkeer skool toe. Datums vir die terugkeer van die leerders in ander grade, is nog nie gefinaliseer nie.

"En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil" - Efesiërs 6:4

Kinders wat skool verlaat weens Covid-19



Leerders tussen die ouderdom van 7 en 16 jaar (Graad 1 tot 9) is skoolpligtig volgens die SA Skolewet. Indien 'n ouer besluit om 'n skoolpligtige kind vir die res van die jaar uit die skool te haal, is daar verskillende scenarios:

- Volgens die bywoningsbepalings in die SA Skolewet (SASW) moet 'n ouer wat nie die skoolpligbepalings wil nakom nie, toestemming by die provinsiale onderwysdepartement verkry om dit te doen.
- Indien toestemming verkry is, kan oorweeg word om die leerder vir tuisonderrig by 'n kurrikulumverskaffer te registreer wat die leerder aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.
- Nie-registrasie by 'n kurrikulumverskaffer impliseer dan die volgende:
 - Dat die kind strydig met die SA Skolewet van skoolbywoning weerhou is en ouers vervolg kan word;
 - Dat die kind geen bewys vir die jaar se leer sal hê nie;
 - Dat geen formele sertifikaat (rapport) vir die jaar uitgereik sal word nie; en
 - Dat die ouer moet beseft dat enige skool die reg sal hê om te bepaal wat die standaard van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is al dan nie.

Sou ouers oorweeg om vir 2021 die leerder weer by 'n skool in te skryf, hetsy dieselfde skool of 'n ander skool, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die leerder is 'n nuwe aansoek, soos enige ander aansoeker, en moet ingevolge die skool en toelatingsbeleid oorweeg word.
- Daar moet bepaal word of daar plek in die betrokke skool en graad is.
- Die skool kan 'n "plasingssassessering" doen om te besluit of die leerder wel oor die nodige kennis / vaardighede beskik om in 'n spesifieke graad geplaas te word.

- Dit is nie vanselfsprekend dat die kind saam met sy ouderdomsgroep na die volgende graad bevorder sal word nie, tensy daar 'n formele sertifisering as bewys is die inhoud vir 2020 wel bemeester is.
- Die leerder kan dus moontlik deur die skool in dieselfde graad geplaas word waarin hy/sy in 2020 ingeskryf was.

Watter regte het die skool?

Die skool mag nie weier dat die ouer die leerder uit die skool verwyder nie. Skole moet 'n gesprek met die ouers voer en genoegsame inligting aan ouers verskaf om sodoende 'n meer ingeligte besluit te kan neem. Die skool is onder geen verpligting om die leerder tuis te ondersteun nie (tensy die registrasievoorwaardes van die provinsiale onderwysdepartement hiervoor voorsiening maak). Hier kan sekere gevalle binne die skool se beleid hanteer word, bv. 'n leerder van die skool wat 'n onderliggende siekte het bly ingeskryf by die skool en ontvang die nodige ondersteuning. Die skool kan oorweeg om personeel onder voorwaardes wat die skool bepaal, as tutors vir dié leerder beskikbaar te stel. Indien u met ons hieroor wil gesels kan u vir Me Esther Cronjé kontak by esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za

Bron: SAOU

Afhaal van Werkspakkies en Handboeke



Alle werkspakkies van Gr R-7 kan op Dinsdag, 19 Mei van 08:00-10:00 of 15:00-17:00 by die rugbyveld-hek afgehaal word, vir leerders wat daaraan 'n behoefte het.

Al die leerders in die volgende grade wat dit nog nie by hulle het nie, se skrifte en handboeke kan ook op Dinsdag deur ouers afgehaal word. Ons verkies dat ouers die genoemde benodighede kom afhaal, aangesien dit die werk vir die leerders sal vergemaklik.

Gr 3 - Departementele boeke en 2 skrifte

Gr 4 - Afrikaanse opsomming vir kwartaal 2 en Afrikaanse Informele boek asook Wiskunde lêers en Departementele boek vir gr 4W

Gr 6 - Klasse L, N, W, D - Wiskunde skrifte

Gr 7 - Kunsportfolios en krapkaarte asook Afrikaanse Handboeke vir die wat dit nog nie kom haal het nie.

Digitale bronne vir aanlyn leer



Ons is opgewonde om binnekort van die **Microsoft Teams** platvorm gebruik te maak wat ons gaan volg vir **Graad R tot 7**. Instruksies hoe ons dit gaan hanteer sal binnekort uitgestuur word. Dit behels opgeneemde Zoom-lesse met nuwe werk. Ons beplan om vanaf 1 Junie met die eerste klasse te begin. Hierdie is nie verpligtend nie maar ons doen 'n beroep op ouers om u kind te bemagtig om al die hulpmiddels sover moontlik te gebruik. Dit is 'n goeie belegging vir die toekoms.



Die vakke wat **Zoom-sessies** aanbied word ook uitgebrei en meer vakke word infaseer. Die inligting rondom die sessies word ook deurgestuur. Gedurende die week wat kom sal daar sessies wees vir Afrikaans en Engels.

Neem asb kennis: Tydens die Zoom-sessie moet u asseblief verseker dat die leerder se NAAM en graad bv. Gr 4B in die naam ingetik word as hulle aansluit.



Die akademies het ook uitgebrei en is daar 'n **OneDrive link** waar die Zoom-lesse, addisionele lesse en inligting gelaai sal word. Hierdie is nie verpligtend nie maar ons doen 'n beroep op u om u kind te bemagtig om al die hulpmiddels sover moontlik te gebruik.

Kliek vir Gr 4-7:

https://laerskoolswartkop-my.sharepoint.com/:f/g/personal/grendel_laerskoolswartkop_co_za/Eq94amUXOMtOsjqIDsC87oIBrho8cTG41NtUqCJO_568oA?e=904Ue5



Dit is ook baie belangrik dat u op die **D6 Connect app** van die skool registreer en dat u kontakbesonderhede en e-posadres korrek en volledig is. Indien u hulp hiermee benodig, stuur 'n e-pos na admin@laerskoolswartkop.co.za

Graad R - 3 Akademie en ander sake



Ons gaan tans voort met die pakkies wat u ontvang en harde kopieë wat aan die leerders beskikbaar gestel sal word. Ons gaan ook stelselmatig die leerlinge se boeke en skryfbehoeftes uitdeel, wat sake gaan vergemaklik. Ons begin eerskomende Dinsdag met Graad 3. Meer inligting daarvoor volg hieronder asook op die Ouerforum-groepe.

Laeveldtoer

Dit is met groot hartseer dat die personeel en Beheerliggaam 'n besluit moes neem om die Laeveldtoer te kanselleer. Die Departement van Onderwys het in 'n skrywe laat weet dat geen opvoedkundige toere goedgekeur gaan word nie. Ons kan dus onder geen omstandighede verantwoordelikheid neem sonder daardie toestemming nie. Die skool sal met ouers reëlings tref i.v.m. die terugbetaling van gelde.

Grondslagfase Uitstappie

Om aan te sluit by bogenoemde moes ons ook ongelukkig die GSF-uitstappie na die teater kanselleer. Ons hoop om weer so 'n geleentheid te kry in die toekoms.

Graad 1 inskrywings vir 2021

U is baie welkom om solank die nodige dokumente in te stuur. Aansoekvorms is op die webblad beskikbaar. Ons het nog GEEN inligting van die Departement van Onderwys ontvang oor wanneer aanlyn registrasies gaan oopmaak nie. Ons sal u dadelik in kennis stel sodra ons inligting ontvang.

Graad 4 – 7 Akademie en ander sake



Baie dankie vir u samewerking met hierdie week se afhaal van die akademiese pakkies en hulp daarmee by die huis. Ons vertrou dat die leerders sal baat by hierdie diens. Ons deel volgende week weer drukstukke van werkpakkies uit vir die ouers wat pakkies wil kom haal.

Terugkeer van Graad 7's

Ons sal nader aan die 1ste Junie volledige kommunikasie aan die Graad 7 leerders en ouers uitstuur oor wat die protokol gaan wees rondom die terugkeer skool toe, sanitasie, sosiale afstand van leerlinge, uitdeel van maskers, akademiese rooster ens.

Indien daar enige navrae is kontak Me Elria Geerlings (elria.geerlings@laerskoolswartkop.co.za) of Mnr Albert Korf (albert.korf@laerskoolswartkop.co.za)

Graad 6 Avontuurkamp

Die uitwerking van die Covid-19 pandemie het ongelukkig ook 'n uitwerking op ons skoolaktiwiteite. Na gesprekke met personeel van Zwartkloof en ander belanghebbendes is daar besluit om die Gr 6 Avontuurkamp wat sou plaasvind by Zwartkloof net buite Bela-Bela, te kanselleer. Soos hierbo genoem het die Departement van Onderwys in 'n skrywe laat weet dat geen kampe / toere vanjaar goedgekeur sal word nie. Dit is die beste en veiligste opsie vir ons kinders. Daar sal binnekort met ouers, wat reeds betalings gemaak het, gekommunikeer word oor kreditering daarvan.

Toekomstige Swarrie "Clickers"



Goeie nuus! Ons gaan begin met aanlyn fotografie lesse vir die jaar (ons "Clickers" met skerp oë mis mos niks). Ons beplan ook om 'n fotografie komitee te stig en indien jy die aanlyn klasse bygewoon en voltooi het, mag jy dalk verkies word tot hierdie komitee aan die einde van 2020. Indien jy belangstel om deel te wees van die aanlyn Swarrie 'Click' klub, kan jou ouers 'n e-pos stuur aan Juf Suzet Groenewald by suzet.groenewald@laerskoolswartkop.co.za voor of op 22 Mei. Die eerste les begin op Maandag, 25 Mei.

Sanitering van skool



Met die beplande terugkeer van leerders na skole is ons as skool ook reeds besig om skoolterrein en geboue gereed te kry ten opsigte van skoonmaak en sanitering. Dit is vir ons ook wonderlik om te sien dat ouers en besighede bereid is om te help om skole gereed, veilig en gesaniteerd te kry. 'n Groot dankie aan Lazuline en Radical waters wat skenkings gemaak het tot hierdie belangrike projek.

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

J STRAUSS
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM